Verjaarsdaguitgawe



# Kranspoort Bulletin

Kranspoort Vakansiedorp Gemeenskapsblad Volume 4, Oktober 2020

## Verlede-Hede-Toekoms

### In hierdie uitgawe


| | |
|---|---|
| Kranspoort: Die begin | Bl 2 |
| Uit Piet se pen | Bl 2 |
| Inwoners vertel | Bl 3 |
| Al ooit gewonder… | Bl 5 |
| Onthou jy nog… | Bl 7 |
| Bestuur van die dorp | Bl 8 |
| ‘n Dag in die lewe van… | Bl.9 |
| Fotogallery | Bl 10 |
| In die natuur | Bl 12 |
| Mense en hulle dinge | Bl 14 |
| Kampvuurstorie | Bl 16 |
| Vir die wis en onwis | Bl 18 |
| Advertensieblad | Bl 19 |





**Verlede:**

Bloukop-koggelmander

Foto deur:

André de Beer




**Hede:**

Twee Zebras

Foto deur:

Martie de Beer



**Toekoms:**

Sonsondergang

Foto deur:

Piet Groenewalt

Lees meer oor die fotograwe se stories asook kamerawerk op bl 18

# Uit Piet se pen

Kranspoort is vanjaar 30 jaar oud. Toe ek 30 jaar oud geword het, het ek gedink ek is baie oud en sommer baie slim daarby. Nou is die meeste van ons in werklike lewe meer as twee keer daardie ouderdom.

Wanneer mens kyk na die geskiedenis van 'n dorp, is die dorp se ouderdom dalk ook belangrik en is 30 jaar vir 'n dorp baie jonk. Van meer belang is egter 'n terugblik na alles wat in sy bestaansjare gebeur het. Maar dalk moet ons ook fokus op hoe ons moet voorberei vir 'n standvastige toekoms in hierdie wonderlike plek van ons.

Pragtige dinge het in hierdie dorp tot stand gekom deur goeie beplanning en ook deur eienaarsbetrokkenheid. Hoe was dit moontlik? Doodeenvoudig omdat hierdie dorp ons s'n is en deur onsself bestuur word. Met die belange van elke inwoner en eienaar in gedagte, asook met almal se samewerking.

Dit is dan ook so dat ons nou kyk na dinge wat in die verlede beter, of anders gedoen kon word. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is ons stigtingsvoorwaardeveranderings-aansoek waarmee ons nou besig is en waarvan u reeds per e-pos in kennis gestel is. 'n Suksesvolle aansoek gaan vir ons die regsbasis bied, gelykstaande aan alle soortgelyke eienaarsverenigings. Dit het egter gelei tot kommer en onsekerheid by sekere inwoners. Die mandaat van die Direksie word bevraagteken, byvoorbeeld of dit dan gaan beteken dat die direksie vrye hand het om heffings te verhoog en onafhanklik op te tree, sonder inagneming van meerderheidsbelang.

Die antwoord is egter duidelik en doodeenvoudig – Natuurlik nie! U betrokkenheid is die waarborg daarvoor. U kies die direksie en u keur die MOI en die bestuursreëls goed. U almal se ondersteuning en samewerking is nou belangrik, nou dalk nog meer as ooit in die verlede.

Gelukkige verjaarsdag Kranspoort!

Piet Valks

Voorsitter van die beste dorp in die land.

# Kranspoort: In die begin van die begin

Oktobermaand – die mooiste, mooiste maand - in die jaar 2020. Ons, inwoners en eienaars van Kranspoort Vakansiedorp, is bevoorreg om deel te wees van 'n goed ontwikkelde gemeenskap (dorp) in die mooiste natuurskoon wat ons land kan bied. Daagliks beleef ons die hartklop van die natuur, vryheid van tyd en die vrede soos die Vader dit vir sy kinders bedoel het.

30 Jaar gelede is hierdie pragtige vallei as Vakansiedorp verklaar en het ontwikkeling 'n aanvang geneem, maar Kranspoort se storie het eintlik reeds lank voor daardie dag begin. Met hierdie uitgawe wil ons terugloop in tyd en by monde van oud Kranspoorters die geskiedenis vertel.

## Celeste Friedrich (1988-1990)

Ek het wonderlike kinderdae en herinneringe aan die tye saam met my oupa en ouma en al ons nefies en niggies by die voormalige 'Die Bron'-oord naby Groblersdal beleef. Elke winter het Oupa en Ouma sommer 'n paar maande daar in hul rondawelhuis gaan bly. Daar het ons gespeel in die veld en rooigrondpaaie. Ons het geslaap in grasdakhuisies waar daar in daardie dae slegs kerslig was. Groot was ons terleurstelling toe oupa egter in die middel tagtigerjare aankondig dat die grond van en rondom "Die Bron" deur die regering opgekoop is.

My oupa Aemelius Johannes Nel (of Oom AJ soos almal hom geken het), het dadelik aan die werk gespring saam met Frans Lourens en John Kotze om grond te soek om 'n nuwe vakansiedorp in die plek daarvan te vestig.

So om en by 1988 het Oupa ons baie opgewonde die mooie Kranspoortplaas gaan wys en vertel van hul visie vir 'n gemeenskap waar hul weer die samesyn en in gedeelde liefde vir die natuur, kon vestig. Die oorspronklike grond was aan beide kante van die hoofpad en het die destydse hotel en plaashuis aan Loskopdam se kant ingesluit. In die daaropvolgende jare het ons baie tye by Oupa-hulle gaan bly in die Kranspoort plaashuis en met groot afwagting gesien hoe die dam gebou word, paaie gemaak word en erwe uitgelê word volgens 'n meesterplan van die hele stuk grond. Van die begin af was die idee ook so dat die huise sensitief geplaas sal word om soveel moontlik van die veld en dierelewe te behou.

Daar het ongelukkig groot opdraende tye vir die ontwikkeling voorgelê. Die oorspronklike kapitaal is tydelik belê in 'n ander ontwikkelingskema wat spoedig insolvent verklaar is en daarmee saam is die Kranspoort-ontwikkeling deur die destydse Volkskasbank opgeëis. Dit is eers 'n paar jaar later dat die eiendom deur nuwe ontwikkelaars oorgekoop is.

Ek het onlangs die voorreg gehad om 'n paar dae in Kranspoort Vakansiedorp te kuier en wat my dadelik opgeval het is die gemeenskap van natuurliefhebbers, die mededeelsaamheid (met mens én dier), die vriendelikheid en samesyn wat daar tussen die mooie koppies, bome en grasse bestaan. Wat ek gesien het was 'n grepie uit Oupa AJ se droom.

## Piet Valks (1990 - 1995)

Op 28 November 1990 het die Administrateur van Transvaal in die Provinsiale Koerant dmv Administrateurskennisgewing 588 en 589 ingevolge artkel 69 van die Ordonnansie van Dorpsbeplannng en Dorpe van 1965, Kranspoort Vakansiedorp en Kranspoort Vakansiedorp Uitbreidng 1 tot goedgekeurde dorpe verklaar.

Met die likwidasie van die ontwikkelaar is die twee gebiede oorgeneem deur 12 individue (beter bekend as Groep12) wat later in 2000 as 'n maatskappy, Kranspoort Vakansiedorp Edms BPK, geregistreer is. 'n Aantal erwe by die gholfbaan behoort nog steeds aan hulle.



# Kranspoort: Ou- en bestaande inwoners vertel

## Annemarie Alberts (Lid van Groep12) (1995 – 2015)

### Was alles baie anders as nou?

Ons was bevoorreg om vanaf 1995 betrokke te wees by die ontwikkeling van Kranspoort.

Die mense was min, die huise was min en die diere was baie min.

Die meeste eienaars was naweekbesoekers en almal het mekaar geken, veral nadat die Sondagoggenderedienste by Pieta se stoor in aanvang geneem het.

Na die oprigting van die wildsheining in 1996 deur 'n 78-jarige man met net 2 helpers, het die aankoop van groot hoeveelhede wild begin. Ek kan goed onthou hoe ek en 'n paar vriendinne 'n piekniekmandjie gepak het en die ent afgesit het Kranspoort toe om die wildstrokke in te wag………al singende: "Hier kom die BOKKE", want die euforie van ons eerste rugbywêreldbeker wen, was nog vars in ons geheue. Met die aflaai van die waterbokke, moes almal bontspring want die diere was so verskrik en kies toe koers na die oostelike heining waarteen hulle afgepeil het na die dam. Binne 3 dae was daar net enkele waterbokke oor, want die meeste het onder die heining in die dam deurgebreek, opsoek na die buurman se groen weivelde. Groot skade!

Soos die tyd aangestap het, het alles begin verander. Die mense het meer geword en permanent begin woon. En toe kom die komitees en die reëls en, helaas, ook die konflik.

Aan entoesiastiese Kranspoorters het dit gelukkig nooit ontbreek nie. Onder leiding van die destydse bestuurder, Frans Ellis, is ons eerste Bostrotsfees in Sept 2005 gehou. Dit was 'n kuiergeleentheid soos min met verskeie uitstallers, gaskunstenaars, kompetisies en 'n saambraaigeleentheid met ons eie orkes GOUT bestaande uit Frans Ellis, Phil Hibbert en Chris Green. Talentvolle manne wat ons voete laat jeuk het.

Wie kan ons afsluitingsdankdiens onder die groot maroelaboom, gelei deur Cedric Welman, ooit vergeet. Almal het dit bygewoon en 'n dankbare samehorigheid het geheers.

In 2015 is 'n soortgelyke suksesvolle Bostrotsfees gehou.

In die laaste 10 jaar het verskeie klubs vanuit die geledere van ons positiewe inwoners, ontstaan. Die bekendste, en sekerlik die aktiefste, is die jukskeiklub. Vele fondsinsamelingsaktiwiteite het gevolg om die nodige fasiliteite daar te stel en voortdurend te verbeter.

Ek onthou die vlakvarkbraaie by Bokkie en Dirk se onthaalarea en selfs 'n spoggerige swartpakgeleentheid in 'n spierwit markiestent…….. alles om geld in te samel.

Nog lekker saamkuiergeleenthede is die Saterdagoggendmarkte met kosstalletjies en, natuurlik, die jukskeiers se pannekoek! Ek verlang steeds na Jesse Hill se onverbeterlike ontbyte waarmee hy tans die Kokanja-inwoners trakteer, ten koste van ons!

Alles was ook ongelukkig nie altyd maanskyn en rose nie, want……. Daar was Kaalvoet Thysie!

Vir bykans 6 jaar het hy Kranspoort geteister en het ons amper gewoond geraak aan sy onwelkome besoeke nadat ons 'n naweek by ons huis was. Volmaanaande was sy gunsteling beweegtyd en, met sy netjiese modus operandi van vensters uithaal sonder om dit te breek en veilig neer te sit vir herinstallering, het hy sy stempel duidelik op ons gemoedere afgedruk.

En nou is Kranspoort 'n 30–jaar oue dorpie, steeds met sy eiesoortige vreugdes en uitdagings.

En ons, na 20 jaar van naweekkuiers en ook die inperking van die afgelope maande hier, oorweeg dit nou sterk om Kranspoort ons permanente tuiste te maak………..

Tyd bring vele veranderinge - DV… ten goede.

**Voorbereidings vir die Bostrotsfees**



Kranspoort Stalletjie kry hulp




Biertent word opgesit

**Loskop Marathon padstal**




LOSKOP MARATHON –

# Kranspoort: Ou- en bestaande inwoner vertel

## Margie de Jager (1995 tot hede)

Dit is 1995 en ek werk by Terblanche & du Preez Prokureurs in Middelburg. Ons Boekhoudster, Isabel Raubenheimer, besit 'n erf in Die Bron (nou Kranspoort). Ek ry een Saterdag saam met haar na hulle erf en ek verloor my hart algeheel op hierdie pragtige plek! Na verdere navrae bel ek hom en hy stem dadelik in dat ons 'n erf daar kan koop. Ek kies Erf 288 en betaal R17 500.00 daarvoor – R1000 afslag omdat ons eerste kopers in Kranspoort Vakansiedorp is. Carel en ek is in ekstase!!

Ons teken die koopkontrak een Saterdag in die tweede helfte van 1995 by die dammetjie in Kranspoort Rylaan by Koos Horn se plek, braai 'n vleisie saam met onder andere Hercules Campher (Prokureur) en Oom Pikkie Coetzee.

Ons huur die huisie by die hek (Nou die Kranspoort Kantoor). Daar was geen krag of water nie, ons het die stoor oorkant die pad skoongemaak om ons meubels daar te berg. Ons kon darem yskaste aansit want daar was krag. Smiddae stap ek en Anna (wat tot onlangs toe nog as skoonmaker by die kantoor gewerk het, maar nou afgetree het) om die nodige uit die yskaste te haal sodat ek kon kosmaak. Die hek was net 'n plaashek wat ek met 'n slot gesluit het. Anna maak vuur buite en ek kook 'n storm los! Saans ry ons weer oorkant toe om te gaan stort.

Oom Pikkie bring later vir ons die luuksheid van elektrisiteit in die vorm van 'n kragopwekker wat vrek swaar op brandstof was, maar krag het ons gehad!! Die kantoor was natuurlik die helfte kleiner as nou. Die ontvangsarea is later aangebou.

Ons bou op ons erf en Oom Pikkie sou nooit kon dink hoe waar sy woorde sou word toe hy sê: "Geniet die plaas, een van die dae gaan hier baie mense kom woon. Julle moet maar lekker hout optel want, as daar meer mense kom, sal julle dit nie meer kan doen nie! En julle moet ook nie tuinmaak nie, want hier gaan bokke loop en als opvreet!"

En so kom hier toe voorwaar nuwe eienaars en almal leer ken mekaar. Carel gee 2 rigting radios uit sodat ons darem kan kommunikeer. As ek reg onthou en 'n paar name oproep wat reeds hier gebly het asook nuwe intrekkers, was dit Koos Horn, Jan Nel, Johan Theron (wat terloops die heel eerste huis in Die Bron gebou het), Charles Claassen, Ben Atsma, Oom Doors, Koos en Alta Naude en Hanlie Coetzee.

Die reëls was toe reeds getik en uitgedeel, onder andere dat ons nie mag hout optel soos Oom Pikkie voorspel het nie. Op 'n dag besluit Carel om vir oulaas 'n paar stukkies hout op te tel om 'n behoorlike bosveldvuurtjie te maak op sy verjaardag. Ons dogter Rachelle, toe so 11 jaar oud, roep haar Pa oor die radio en vra benoud: "Pa, Pa kom in". Toe Carel antwoord sê sy vir almal om te hoor: "Het julle nie al genoeg hout gesteel nie?" Aarde, ons het nie geweet waar om weg te kruip nie! Toe gons die radios, almal lag en ons hoor net "Lekker uitgevang!" Daardie aand braai almal saam om Carel se verjaardag te vier!

En so gaan die tyd verby, die pad is nie meer 'n 2 spoor pad nie maar word breër geskraap. Huise skiet soos paddastoele op en dit word 'n dorp. Die wild kom mooi aan en ons besef ons bly in 'n Paradys!

Carel verkoop melk, brood en koeldrank uit Pieta se Padstal. Hy bou later Rietvallei Winkel op Pieta se grond en begin die Poskantoor. Ek word summier aangestel as Posmeester van Kranspoort nadat ek 'n kursus moes loop by Middelburg Poskantoor. Hier kom almal omtrent daagliks bymekaar en dit kuier en deel nuusbrokkies uit. Ons hou "bring en braai" 1 keer per maand en selfs die omgewing se plaasboere sluit by ons aan en almal leer mekaar ken.

Die eerste komitee word gestig wat uit die volgende lede bestaan het: Anton Smallberger, Machiel Brits, Gerrie Labuschagne, Chris du Plessis en Margie de Jager.

Dit alles in 'n neutedop!





Hier teken Carel en Maggie vir hul erf op die rug van Hercules Campher (Prokureur) in die teenwoordigheid van mnre Pikkie Coetzee, Pye Serfontein, Jan Schoeman, Johan Smit en Alta Naude

Spotprent uit die vroeë dae




Hoofhek se waterwerke word gebou






## Kranspoort Bulletin Redaksie

**Redaksieleier: Wanda Underhay**
**wandaunderhay@gmail.com**
**Selfoon: 082 941 5051**

**Verslaggewers:**
**Rentia Botha – 071 872 3145**
**Elsabe Strydom - 082 875 0378**
**Hester Hattingh – 066 270 7728**
**Kokkie Geyer – 082 413 0059**

**Proeflesers**
**Johan Botha**
**Erna Ruthven**


# Kranspoort: Ou- en bestaande inwoners vertel



Alta en Koos se Kasteelhuis in aanbou



Een van die eerste voltooide huise in Kranspoort,



Kranspoortuitsig in 1995, toon oop natuurlike vallei, met slegs een huis

## Hanlie Coetzee vertel van die ontwikkeling van die dorp.

My pa, Pikkie Coetzee, was een van die stigterslede van Kranspoortdorp. Gedurende daardie tyd het ek nie hier in Kranspoort gewoon nie, maar het gereeld al die nuus gehoor. Later het ek wel by my familie kom aansluit en volwaardig deel van die klein gemeenskappie geword. Wat my die meeste getref het van daardie tyd, was die natuur, die mense wat hier gewoon het (eintlik net vyf gesinne aan die begin) en natuurlik hulle lewensom-standighede.

Kranspoort was nog in ontwikkeling, huise in aanbou en die infrastuktuur van die dorp in beplanning.

Natuurlik was hier nog nie elektrisiteit nie en mense het maar klaargekom met enkele kragopwekkers en kerse. En om te help, het hulle toegang en gebruik gehad van die vrieskaste en yskaste in die stoor oorkant die pad.

Die ingangshek was maar ‘n gewone plaashek, met ‘n groot slot aan. Slegs die inwoners het sleutels gehad. Dus as jy wil inkom beteken dit uitklim uit jou motor, die slot oopsluit en die hek oopstoot. Terug motor toe om deur te ry en dan weer die hele proses om die hek agter jou toe te sluit.

Die gebou by die hek (huidiglik die Administrasiegebou) was al daar, maar was gebruik as ‘n plaashuis, waar die plaasvoorman gewoon het. Later, na hy verhuis het, was die huis te huur aangebied en het Margie-hulle en later Kokkie Geyer-hulle daar gewoon.

Dit was nogal ‘n tyd van uitdagings, maar al die ontwikkelings was aan die gang en die dorp was stadig besig om te ontwikkel. ‘n Verdere uitdaging het ontstaan, juis uit die ontwikkeling, toe die rekeninge vir die ontwikkeling begin inkom. Op die gronde van beloftes van geldelike ondersteuning van die regering, het al hierdie ontwikkelings begin. Toe die finansies aangevra word, was die geld reeds vir ander ontwikkelinge aangewend en nie meer vir Kranspoort beskikbaar nie. Dit het beteken dat my pa en die manne by die banke moes gaan hulp vra om hulle uit hierdie verknorsing te help. Aanvanklik was die banke nie geneë om te help nie, maar toe die erwe begin verkoop, het hulle goediglik ingestem en selfs fondse aangebied.

In die begin-ontwikkeling van die dorp was daar nog nie veel wild nie. Maar ek onthou goed vir ou Chappie, die mak vlakvark. Sy het so tussen ons grootgeword en vir almal in hulle huise kom kuier. Een oggend na ‘n langerige afwesigheid stap sy vol brawade ons huis binne met 4 klein varkies. Moederlik en trots het sy haar kinders vir ons kom wys.

So rukkie later kom sy weer daar aan, maar nou was daar net drie van haar vark-kindertjies by haar. Sy het so om ons bly draai en draai. Tot ons uiteindelik kon aflei sy probeer ons iets vertel. Gehoorsaam het ons opgestaan en haar na buite gevolg. Al agter haar aangeloop tot by die dammetjie, waar ons vind dat een van haar varkies daar verdrink het. Ai, het ons maar net vroeër verstaan ……..



Chappie, die mak vlakvark, nog met al vier klein varkies.

# Al ooit gewonder waar kom dit vandaan? Wie was hulle of wat het hulle gedoen?

*Uittreksel uit Kranspoort Nuusbrief 2009*

**Kranspoort Embleem**

Die Embleem is ontwerp met 'n aalwyn in die sentrale deel van die skild wat verwys na die wye verskeidenheid plantegroei in die area. In die skildhoof is 'n bok wat simbolies is van die baie verskillende boksoorte in ons gebied. Die skild aan beide kante van die aalwyn is so verdeel om twee kranse en daartussen 'n vallei te vorm. Hierdie verwys na die topografie van ons omgewing en spesifiek na Kranspoort. Die helm bestaan uit 'n groen muurkroon wat algemeen gebruik word om 'n dorp te simboliseer. Sittende op die muurkroon is 'n Bosveld Visvanger wat verwys na die wye verskeidenheid van voëls in ons gebied. Die wapenspreuk '*RELAXO IN NATURA*' beteken – **ONTSPAN IN DIE NATUUR**.



Oordrag is geneem van alle oop ruimtes wat die grootste deel van Kranspoort se oppervlakte beslaan, en enkele erwe binne Kranspoort - 17 Eiendomme is op 1 Augustus 2005 in die Aktekantoor in naam van KEK geregistreer.

Die wildsplaas is op 5 September 2011 by die Aktekantoor in die naam van KEK geregistreer Rietvallei 36/780.

Die 66 standplase op Erf 62 wissel tussen 2000-4000 $m^2$ met n gemiddeld van net oor 3000 $m^2$ elk.

Erf 76 (39,7402ha) wat deel van die geproklameerde Kranspoort Vakansiedorp was bly in die besit van Kranspoort Vakansiedorp (Edms.) Bpk. of beter bekend as Gr 12.

Die Kranspoort Gholfbaan is sedert 2014 onder die beheer van Kranspoort Eienaars komitee



## Loskopdam se dam is 'n doodlekker dam………

*Deur Kokkie Geyer*

Die ou liedjie het my toe laat wonder waar Loskopdam sy naam kry en het ondersoek gaan instel. Tussen 1974 en 1980 is die damwal verhoog met 9 meter.

Die as van Luitenant-kolonel DF Roberts is oorspronklik op die eiland in die dam begrawe. Met die verhoging van die wal moes daar toe plan gemaak word met graf, anders sou dit onderwater wees.

Die as is toe verwyder en in 'n nissie aan die linkerkant van damwal geplaas. Volgens "google" was "Loskopdam se eiland" 'n losstaande heuwel in die veld.

Daar is egter ook 'n storie vertel deur toergidse wat lui dat Luitenant Roberts se kop op 'n mensgemaakte eiland aan die weste kant van die dam begrawe is en sodoende die dam sy naam Loskop verkry het.

Nou vra ek maar net: "Wie sal tog 'n kop apart van sy lyf begrawe"?



## Ons Eie "Loskoppie" op Kranspoort……

Bo op die plato wat afkyk op Loskopdam is die allermooiste geriewe aangebring deur die inisiatief van ons eie Plaasbestuurder, Christo Landman.

Loskoppie is benoem na Loskopdam weens die ooreenkomste (in die kleine) met die dam.

Hierdie pragtige stukkie natuurskoon is vir die gebruik van alle Kranspoorters. Vanaf hierdie punt is dit met sonsondergang 'n idilliese prentjie om te aanskou. Vandaar die naam Loskoppie. Sodra die son oor Loskopdam sak en indien die watervlak aan die min kant is, sal u dalk die eiland kan sien.

U kan ook reël met Christo om die ketting op te sit indien u sou belangstel vir 'n privaataangeleentheid.

**Die Bron** is die stigters van Kranspoort. Hulle het grond besit tussen Bronkhorstspruit en Groblersdal. Dit was 'n vakansiedorpie duskant Groblersdal. Die Stigtings-akte was tussen die Bron en die regering. Die Regering het egter beslag daarop gelê en eienaars uitgekoop. Daarna het "Die Bron" die grond aangekoop waar die bestaande vakansiedorp tans is.

**Groep 12:** Groep 12 was 'n groep Besigheidsmanne wat die Kranspoort Vakansiebelegging oorgeneem het na die likwidasie. In 2002 het hulle 'n Maatskappy Kranspoort Vakansiedorp Edm(Bpk) gestig. In 2004 het die eienaars die verantwoordelikheid van die bestuur van die dorp oorgeneem met 'n Artikel 21 Maatskappy wat na die belange van al die eienaars omgesien het.

**Kranspoortkantoor** was eers 'n huis wat deur die "Bron" gebou is vir die plaasvoorman, ene mnr Blignaut. Dit is ook later as gastehuis uitverhuur waarin een van ons huidige inwoners, Kokkie Geyer, vir 'n naweek gebly het toe hulle na 'n erf kom soek het.

**Die Toegangshek** was 'n gewone plaashek. Die eerste eienaars het elk 'n sleutel gehad waarmee hulle self die plaashek oop- en toegesluit het.

**Eerste inwoner:** Margie de Jager is die langste inwonende eienaar hier op Kranspoort. Alta Naude was die tweede eienaar wat grond gekoop het. Haar oorlede man, oom Koos, het vir hulle Die Kasteelhuis gebou.

**Die Kerk oorkant die pad:** Margie se oorlede man, Carel de Jager, het ook die kerk hier begin. Die stoor is deur oorlede Pieta van Vreden (van die plaas oorkant die pad) gegee om in kerk te hou.

**Die winkel oorkant die pad**: Margie het ook die winkel, drankwinkel en poskantoor hier op Kranspoort gevestig.

**Jopie se Pos:** is vernoem na 'n persoon wat in die beginjare gehelp het om Kranspoortheining te span.

**Gruisgat :** Dit het ontstaan deur KEK wat gruis daar uitgegrou het vir Kranspoort se paaie.

**Vaalkop:** Dit was oom Kosie Grobler se plaas wat deur Pikkie Coetzee (stigterslid van Kranspoort) gekoop is.

**Helshoogte:** Pikkie Coetzee het die hoogte die naam gegee aangesien trokke met boumateriaal nie daar kon uitkom nie. Daar was 'n klomp trokke wat teruggerol het tot in die sloot.

# Onthou jy nog… (stories en herinneringe uit Kranspoort se “ou dae”)

## EN DAN WAS DAAR KAALVOET THYSIE

Soos deur Tobie Verwey, destydse Voorsitter van KEK/Groep 12 en ander bydraes



Abram Jiyani het gedurende 2002 tot 2006 groot konsternasie veroorsaak deur sy voordurende inbrake en vreemde modus operandi wat veroorsaak het dat hy uiteindelik as Kaalvoet Thysie bekend gestaan het en uiteindelik 'n huishoudelike naam geword het.

Kranspoorteienaars het hom hierdie naam gegee, aangesien dit welbekend was dat hy sy tekkies uitgetrek het voordat hy 'n huis binnegegaan het. Per geleentheid het 'n eienaar hom verras, hy het weggehardloop en sy tekkies agtergelaat. Die eienaar is gedreig en sover bekend, is die tekkies toe op een of ander wyse vir hom iewers gelaat.

Hy het meestal vakansie-eienaars geteiken en om en by 5 keer ook by my huis ingekom. Hy het elke keer 'n ruit uitgehaal en mooi regop geplaas. Gewoonlik is kos, klere, drank, kameras, verkykers, kussingslope ens. gebuit.

Kaalvoet Thysie was veral gedurende volmaan-aande bedrywig. SAPD het verskeie aande in my huis geskuil, dog sonder sukses, want Kaalvoet Thysie was 'n buitengewone waarnemer en het eienaars se bewegings baie goed geken.

Een aand het die destydse Sekuriteitsbeampte vir myself en Kobus Hattingh langs Elandsingel geneem en presies gewys waar Kaalvoet Thysie geloop het; selfs takkies afgebreek wat direk gelei het na die eienaar se motorhuis waar toerusting gesteel is. Ons twee het agterdogtig begin raak en besluit om die speurder te versoek om genoemde Sekuriteitsbeampte ook in sy ondersoek te betrek. Daar het egter niks van gekom nie, maar nadat Kaalvoet Thysie gearresteer is, het dit tog geblyk dat genoemde beampte wel betrokke was. Hy het sedertdien verdwyn en is nooit aangekla nie.

Die SAPD het Kaalvoet Thysie se “houvrou” gearresteer en fotos geneem om hom in 'n lokval te lei, maar sy het gedreig om die SAPD van ontvoering aan te kla. Ek en Kobus Hattingh moes dringend op persoonlike vlak met die redakteurs van die Middelburg Observer en Witbank Nuus vergader om te voorkom dat die berig op voorblaaie verskyn en na ander koerante deurgestuur word.

SAPD se Lugvleuel vanaf Hoedspruit is betrek en soldate het Kranspoort deurgestap. SAPD Middelburg het Kobus Hattingh se huis as basiskamp gebruik. Vanuit die helikopter is 'n grot in die nabye koppie waargeneem en later geïdentifiseer as sy wegkruipplek, nadat van die gesteelde goedere daar gevind is.



OPERASIE “GIYANE” – DESEMBER 2004
SAPD, SEKTOR 8 SAP, SAW, MIDDELBURG KOMMANDO, SPES-MAG EN KRANSPOORT PERSONEEL.

Dit is na die SAPD se kantore geneem. Die volgende week het Kaalvoet Thysie egter weer ewe kordaat toegeslaan. Selfs artikels uit 'n inwoner se tuin geneem waar hy ingebreek het en in die vorm van 'n graf gepak.

Abram Jiyani, alias Kaalvoet Thysie word uiteindelik gearresteer in September 2006 deur Kaptein Pepsi Sibiya, wat afgevaardig is deur die Georganiseerde Misdaadeenheid in Pretoria. 'n “Vrou van die Nag” was uiteindelik die een wat hom gaan uitwys het aan Kaptein Pepsi, wat laat weet het: “Ons het hom! en hy sing soos 'n kanarie!”

Hy word gevonnis tot 28 jaar gevangenisstraf. Volgens inligting is hy om mediese redes 'n paar jaar gelede op parool vrygelaat. Dit is nie duidelik of hy nog leef nie.

*Hierdie verhaal is die vertelling deur TobieVerwey met byvoegings deur verskeie Kranspoorters. Ons bedank almal vir hul insette. - Red*

## Kranspoort kry 'n werkswinkel (2010)

Die eerste sooi word gespit vir die nuwe werkswinkel op Kranspoort op 2 November 2010. Vlnr. is Francois Henn, Kobus Hattingh, Dries Dreyer, Johan Piek, Lieb v Jaarveld, Joos Richter en Theo Kruger.





Uitgrawing begin



Voltooide stoor

# Kranspoort: Bestuur van die dorp

## Sekuriteit en Veiligheid (*Johan Botha)*

**Veiligheidsaangeleenthede in Kranspoort:**

Ongelukkig het die misdaadprobleme in die land ook sy tentakels na Kranspoort begin uitsteek.

Dit loop saam met 'n algemene toename van misdaad in die Loskopvallei en die naburige Mootplase.

Die afgelope jaar is talle projekte deur bestuur en vrywilligers geloods en vrywillige finansiële bydraes gemaak om die situasie te stabiliseer en weerbaarheid te verhoog.

'n Klompie strategiese fokusareas verdien spesifieke vermelding:

KEK moes noodgedwong kostes aangaan om ons waterinstallasies en ander toerusting verder te beveilig;

Die wildsheining teen die N11 is oorgespan en versterk. Die heining word ook daagliks te voet gepatrolleer.

Tegniese monitering vind ook op teiken-gedeeltes plaas; Sekuriteit-stelsels en -beheer by die hoofingang is drasties opgeknap;

Vrywilligergroepe doen daagliks inspeksie en instandhouding op die res van die 15km wildsheining;

'n Buurtwagnetwerk met ondersteuningsgroepe is gevestig wat deur 'n radiogroep versterk word;

Kranspoort is volwaardig lid van die Moot se Gemeenskapspolisie-forum(GPF) en landelike veiligheidsplan, brandbestrydingsgroepe en geïntegreerde radionetwerk;

'n Aktiewe Opstopper-patrolliegroep met reaksievermoë word deur 'n klompie vrywilligers bedryf wat die rugsteun van die buurtwag vorm;

Misdaadinligting, misdaadpatrone, modus operandi's, foto's van verdagtes en voetspore ens. word rekenaarmatig bygehou en geanaliseer en relevante inligting aan inwoners deurgegee;

'n Vensterperiode is geskep vir inwoners om hul eie veiligheids-maatreëls op te skerp. Die aantal privaat alarms wat reeds geïnstalleer is, kon lei tot 'n gewapende reaksievoertuig wat permanent snags in die woonbuurt diens doen;

Tans word ook gefokus op verskeie projekte om die tegniese vermoëns van bekamping, monitering en opsporing te verhoog.

Saam kan ons Kranspoort steeds veilig hou.

Dankie vir jul bydrae.

## Operasionele Verslag (*Christo Landman)*

**Water:**

Die toevoerpyp vanaf die damwal na die waterwerke was in 'n swak toestand en daar is begin om dit te vervang. Gedurende September is reeds100 meter pyp vervang. Die area is gerehabiliteer en ou pype verwyder.

Die tegniese span fokus huidig op die alternatiewe opgaartenk wat by Kareetenk opgerig gaan word. Daar is reeds met uitgrawings daarvoor begin. Die bestaande tenk se kapasiteit is 190 000 liter. Die nuwe reservoir bied 'n bykomende 417 000 liter. Die bestaande opgaartenk gaan gerestoreer word en weer opgerig word . Die kapasiteit van veral Kareetenk moet vergroot word om in die vinnig groeiende dorp se behoeftes te voldoen.

Daar is 'n drie-jaarplan waarvoor ons moet begroot sodat daar n nuwe lyn na Kareetenk aangelê kan word. In die jaar 2022 gaan nog n tenk by Toringtenk opgerig word.

## Operasionele Verslag *(vervolg)*

**Paaie:**

Na elke reënbui spoel paaie vol slote en gate en om net herstelwerk te doen, is eintlik geldmors. Die strategie is om nou sement by die grond in te werk, sodat die pad kan verhard.

Die proses is baie arbeids-intensief met ses van die agt mense wat die paaie bewerk. Die plan is om 'n sementtrok in te kry met "ready mix". Die area waar baie probleme voorkom, word voorberei vir die sementmengsel en die mengsel word as laag bo-op die voorbereide padoppervlak aangewend. Hierdie metode is meer permanent en bied 'n gladder ryvlak. Dit is natuurlik bietjie duurder, maar op die lang termyn 'n beter oplossing.

**Uitdunning van die wild:**

Die inkomste uit wild was reeds R200 000.00 en daar behoort 'n verdere R60 000.00 in te kom met die maandelikse verkope van pakkies vleis. Ons is baie trots op ons slagpale en slaghuis, wat ons met groot moeite kon laat registreer as 'n volwaardige abattoir.

Kranspoort word gesien as 'n wildplaas, toegespan met wildwerende heinining, daarom het ons 'n permit bekom om reg deur die jaar te skiet en die plan is om 'n koedoe en/of 5 rooibokke per maand te skiet. Die karkas sal deur Jan Wilken en sy span bewerk tot biltong, droë wors, maalvleis en wildspasteivleis wat in die yskaste gebêre word om te verkoop aan die publiek. Ons het selfs 'n mooi Kranspoortplakker ontwerp wat op die verpakking van die vleisprodukte sal pryk.

**Die Gholfklub:** Tans kan die gholfspelers 'n eetdingetjie by die Klubhuis koop en Phil Hibbert is vol vertroue dat die kombuis teen die einde van die jaar reg sal wees sodat 'n instansie of persoon dit voltyds kan oorneem. Dit is nog in die onderhandelingstadium.

## Kranspoort Administrasie



Wie ken nou nog nie ons Kantoorpersoneel nie?

Christo Landman, Operasionele Bestuurder van Kranspoort – verantwoordelik vir die operasionele funksionering van die dorp, wildplaas en Gholfbaan. Dit sluit in die finansiële aspekte, infrastruktuurinstand-houding en -ontwikkeling, veiligheid, personeelbestuur en dan nog sommer 'n hele klomp ander verantwoordelikhede.

Sanet Kruger, Ontvangs- en Administratiewe Beampte. Sanet is die gesig van die Kranspoort Administratiewe kantore. Met haar warm glimlag verwelkom sy almal wat daar kom aanklop vir hulp, leiding en soms klagtes.

Ingrid Kruger, Finansiële Beampte: Ingrid is die dame wat seker maak dat KEK se finansiële state klop, rekeninge betaal is en state bestyds uitgaan, is om maar net 'n paar pligte te noem.

# ‘n Dag in die lewe van…

## Jukskeiklub *(Johan Botha)*

Êrens gedurende 2005 het 'n paar vriende om 'n braai die gedagte uitgespreek om 'n jukskeiklub in Kranspoort te begin.
Die gedagte is vinnig aanvaar en is daar met groot ywer twee grondbane by die ou Pub & Grill uitgelê.

Marí Kruger is die enigste van die oorspronklike 12 stigterslede wat nog hier woon. Mettertyd het die klub uitgebrei en is besluit om die bane nader te skuif en die terrein te vergroot.

In 2011 is met baie sweet en bloed drie bane by die piekniekterrein voltooi. In die afgelope 2 jaar is dmv pannekoekverkope, ope-dae, skenkings en lede wat hulle hand in eie sak gesteek het, 'n pragtig toegeruste klubhuis met ablusie, spreiligte, braai-area en 'n 4de baan aangebring. Alhoewel klein, kan met trots gesê word Kranspoort se bane word onder die bestes in die land gereken. Aanvanklik het die klub net uit sosiale spelers bestaan en het ligaspelers vir Middelburg se klub gaan speel.

Klublede het jaarliks in April aan die seniorburger-toernooi in Kroonstad begin deelneem of vir die winterprogramme na Tshipise of Die Eiland "verhuis". Tientalle medaljes en trofeë is reeds verower. Ons klub het nou bykans 40 aktiewe lede en daar is vanjaar besluit om, ten spyte van die Covid-terugslag, as volwaardige klub by Mpumalanga Jukskeifederasie en Jukskei-SA(JSA) met 'n eie geregistreerde embleem en pragtige kleure en klere te affilieer.

Na die eerste reeks ligawedstryde gedurende Oktober loop Kranspoort se "oumense" los voor op die punteleer.

Ons is trots op julle!



2006 – stigterslede van Kranspoort Jukskei Laer



2006 – Jukskei oefening nog op die ou baan.

## Kransblaar Gymnasium se dames werk hard

Vroegoggend net voor agt, kom ‘n klompie dames by die Raasblaarsaal bymekaar. Voor die saal parkeer die motors. Dames in veelkleurige oefenkleure, oefenmatjies opgerol onder die arm en met ‘n breë glimlag op die gesigte, stap die saal binne en neem posisie in.

Ritmiese musiek speel kloppend deur die saal en die aktiwiteite begin. Vandag is Pilatus-oefendag, wat beteken die kern-, maag- en beenspiere gaan weer hard werk.

Elke Dinsdag en Donderdagoggend oefen hierdie groepie dames onder die bekwame leiding van Ansie van Rensburg. Joga is ook in hulle weeklikse program ingesluit, wat op sy beurt weer ander spiere laat werk wat normaalweg min oefening kry. Dit stimuleer die bloedsomloop, en asemhaling. Callanetics is herhalende klein bewegings wat die spiere teen die skelet en beenstelsel oefen.





Oefengroep demonstreer ‘n paar oefeninge



Hester Fourie gooi vir ‘n pen.

# Gallery: Kranspoort Kunstenaarsblad



Helena Lourens
Skildery in olieverf



Rita Meintjies
Skildery in olieverf



Jeani Tosen
Skildery in olieverf



Leslie Lumb
Skilderye in
waterverf



Kokkie Geyer
Skilderye in
olieverf




Wietske Smit
Skildery in olieverf




Adelle van Zyl
Skildery in olieverf




Wanda Underhay
Skildery in wasse
(Encaustic)



Ronel Snoer
Skilderye in olieverf



Patrys Steinnmann
Skildery in olieverf



Valda
Skildery in olieverf

# In die natuur: Hemelbesems van die vlakte





## Kameelperde

*Met erkenning aan "Mieliestronk"*
*Deur Rentia Botha*

Kameelperde (wat nóg kamele nóg perde is) hou op die grasvlaktes van Midde- en Suider-Afrika. Hulle het lang nekke en hul voorpote is langer as hul agterpote, met die gevolg dat hul rûe afdraand loop.

Kameelperde het ook 'n lomp manier van galop omdat die voorpote hoër is en die nek die gewig moet balanseer. Wanneer hulle gras vreet of water suip, staan hulle wydsbeen en buig die lang nek af om onder by te kom.

Op die rooibruin pels is kolle wat groter op die lyf is en kleiner aan die pote. Die kameelperd het kort, donker maanhare en 'n lang stert met 'n dik, donker kwas..

Kameelperde is die langste van al die diere. 'n Volwasse dier kan tot 5 m lank word. Hulle verdedig hulself met hul voorhoewe en leeus sal slegs 'n kameelperd aanval wat van die res van die trop afgesonder is.

'n Kameelperd se kop is klein in verhouding tot die res van sy liggaam. Die twee horingagtige uitsteeksels tussen die gepunte ore is met vel en hare bedek. Die groot oë is vol uitdrukking en kan goed sien - is in staat om byna elke kleur uit te ken.

Die kameelperd is 'n herkouende soogdier (Giraffa camelopardalis) en beweeg eienaardig deur die voor- en agterpote van dieselfde kant gelyktydig vorentoe te beweeg. Hierdie diere vreet blare wat hulle met hul besonder lang tonge (tot 45 cm lank) van bome afskeur. Hulle vreet ook gras.

Die bulle baklei om te bepaal wie die sterkste is. Hulle swaai hul lang nekke en slaan mekaar met hul koppe. Die koeie en hul kalwers hou die geveg van 'n afstand af dop.

Die koeie baar so staan-staan en die kalfie val byna 2 m ver grond toe. Hy kan reeds 'n paar uur later staan en loop. Die ma lek haar pasgebore kleinding skoon onderwyl hy aan haar suip.

## Die kameelperd en die jakkals

Lank, lank gelede was daar 'n kameelperd en 'n bakoorjakkals wat baie goeie vriende was. Hulle was albei baie goed met steel, en het saam baie kattekwaad aangevang.

Op 'n dag voel Jakkals honger. "Kom, ou maat," sê hy vir Kameelperd. "Kom ons steek die rivier oor en gaan steel kos op die plaas daar oorkant."

"Blink plan!" sê die kameelperd en lek sy lippe af. "Ek's lus vir 'n sappige waatlemoen."

Die kameelperd en die jakkals steek toe die rivier oor. Die jakkals hou styf aan die kameelperd se lang nek vas, want hy kan nie swem nie.

Aan die ander kant van die rivier maak die slim jakkals met sy skerp tande 'n gat in die boer se draadheining. Toe wriemel die jakkals en die kameelperd stilletjies deur die gat in die draadheining om kos aan die ander kant te gaan steel. Die jakkals steel vyf eiers uit die hoenderhok en die kameelperd eet 'n lappie blaarslaai op. Hy wil net aan 'n sappige waatlemoen begin eet toe die jakkals sy snoet lig en begin tjank.

"Sjjjjj," sis die kameelperd en spoeg stukkies waatlemoen oor die jakkals uit.

"Wat bedoel jy, sjjjj'?" vra die jakkals en vee sy snorbaarde af. "Ek sing altyd wanneer ek klaar geëet het. Dis my manier van doen."

"Wel, wag totdat ek my waatlemoen klaar geëet het," sê die kameelperd al knarsende. "Anders gaan die boer jou hoor en ons kom wegjaag."

Die jakkals is moeg gewag. Hy lig weer sy snoet en begin sing, "Auwoooo!"

Die boer is besig om middagete te eet toe hy die jakkals hoor tjank. Hy hardloop buitentoe met sy groot stok. Die jakkals sien hom aankom, en omdat hy baie vinnig is, skiet hy deur die gat in die heining en is skoonveld voor die boer hom kan sien.

Die arme kameelperd staan egter met sy voorpote wyd uitmekaar en probeer die laaste stukkie van sy waatlemoen geniet. Toe hy die boer sien aankom, probeer hy opstaan en weghardloop, maar sy bene raak ineengestrengel en hy val om.

"Moet nooit, ooit weer van my steel nie!" skree die boer, en slaan die kameelperd met sy stok.

Toe die kameelperd uiteindelik ontsnap, is sy hele lyf vol kneusplekke, en hy is woedend kwaad vir die jakkals. Hy hink tot by die rivier waar die jakkals onder 'n bos lê en slaap.

"En jy noem jouself 'n vriend!" skree die kameelperd en maak die jakkals wakker. "Dis oor jou gesingery dat ek pimpel en pers geslaan is."

"Moenie kwaad wees nie," sê die jakkals. "Ek het jou gesê ek sing altyd wanneer ek klaar geëet het. Kom ons steek nou die rivier oor en gaan huis toe."

Die jakkals hou aan die kameelperd se nek vas en die kameelperd swem die rivier in. Toe die kameelperd by die diepste deel van die rivier kom, sê hy vir die jakkals: "Ek gaan nou bad. Ek voel warm en sweterig na daardie pak slae."

"Help! Help! Ek verdrink!" skree die jakkals.

Die kameelperd is kwaad oor sy pak slae, maar dit voel aaklig om die jakkals so in die water te sien rondspartel. Die jakkals is darem tog sy vriend. Die kameelperd druk sy kop onder die water in en gebruik dit om die jakkals tot op sy nek te lig. Die jakkals hoes en proes en klou met alle mag en geweld aan die kameelperd vas.

# Die kameelperd en die jakkals (vervolg)

Toe hulle aan die ander kant van die rivier kom, dink die jakkals oor dit wat hy aan sy vriend gedoen het. “Kameelperd?” sê hy sag.

“Ja, Jakkals,” antwoord die kameelperd.

“Ek is jammer dat ek jou so sleg behandel het. Ek besef nou dat dit wat jy aan my gedoen het, was oor ek jou vroeër so sleg behandel het,” sê Jakkals.

Kameelperd knik. “Dit was,” sê hy. “Ek het jou terugbetaal vir wat jy aan my gedoen het.”

“Jy kan nie!” sê die jakkals en staar met uitpeuloë na die kameelperd. “As jy onder die water ingaan, sal ek verdrink! Ek kan nie swem nie!”

“Maar ek moet bad,” sê die kameelperd. “Dis my manier van doen.” En daarmee duik die kameelperd onder die water in. Die jakkals spat en spartel om kop bo water te hou.


“Jammer,” sê die jakkals.

En so het die jakkals en die kameelperd geleer dat dit belangrik is om ander te behandel soos jy behandel wil word, en van daardie dag af het hulle dit altyd gedoen. En tot vandag toe is hulle steeds beste vriende.

**Gedig: Die Kameelperd**

AG Visser (1878 – 1929)

Die ou langenekker op-en-af,
Met sy alkant-selfkant-draf,
Met sy klein verdwaalde koppie
In die hoogste boom se toppie,
Is ou
Veertien-
Voet-
Van-
Keelseer-
kry-
giraf,



# Giraffes


by Mary Ann Hoberman

- **Giraffes**
- **I like them.**
- **Ask me why.**
- **Because they hold their heads up high.**
- **Because their necks stretch to the sky.**
- **Because they run so fast they fly.**
- **Because their eyes are velvet brown.**
- **Because their coats are spotted tan.**
- **Because they eat the tops of trees.**
- **Because their legs have knobby knees.**
- **Because**
- **Because**
- **Because. That's why.**
- **I like giraffes.**



## Kameelperd Feite

- Die kameelperd (Giraffa camelopardalis) is 'n soogdier van die familie Giraffidae.
- Die Afrikaanse naam vir die kameelperd is via 17de eeuse Nederlands afkomstig van die Latynse naam camelopardalis. Hierdie naam is dan op sy beurt uit Grieks ontleen en saamgestel uit kameel en luiperd. Die "luiperd" verwys na die bruin vlekke op die kameelperd se pels, en "kameel" na sy liggaamsbou met 'n lang nek.
- Kameelperde het 'n kenmerkende voorkoms, met hul lang nekke en relatief kort lywe. Hulle word 4,3–5,7 m lank. Die bulle is effens langer as die koeie. Die gemiddelde kameelperdbul weeg ongeveer 1200 kg en die koei is aansienlik ligter met 830 kg.
- Die beweegbare tong is donkerpers, ongeveer 45 cm lank en word gebruik om blare mee te gryp asook om die kameelperd se gesig mee skoon te vee.




- Die kameelperd se poot het 'n dubbele of gesplete hoef. Hulle behoort aan die orde van Soogdiere wat as Ewehoewiges (Cetartiodactyla) of gelyktonige hoefdiere bekend staan. Kameelperdagtiges het 2 tone met hoewe.
- Volwasse kameelperde kan danksy hul sterk, lang bene so vinnig as 50 km/h hardloop.
- Kameelperde het 'n moontlike lewensduur van 28 jaar.
- Die naasverwante dier aan 'n kameelperd is die okapi.
- Beide manlike en vroulike kameelperde het verdikte knoppies op hul koppe genoem ossikone. Wyfie-kameelperde het 'n hare-tuimel op hul ossikone.
- ‘n Groep kameelperde word ‘n Kameelperd toring genoem.
- Die nek is baie lank, gewoonlik tussen 2 en 2,4 m lank. Tenspyte hiervan het 'n kameelperd nog steeds net 7 nekwerwels (soos ander soogdiere ook). Hulle nekwerwels is egter baie groter en kan tot 30 cm lank wees. Hierdie verlenging in die nekwerwels vind meestal eers na geboorte plaas, aangesien dit andersins baie moeilik vir die ma sou wees om geboorte te skenk.
- Hoewel kameelperde nie aggressief is nie, kan hulle baie hard met hul voor- en agterpote skop wanneer hulle aangeval word. Die been word opgelig en die hoef vorentoe geskiet soos 'n stormram. Leeus maak op jong kameelperde jag, maar hul dik vel, geweldige krag en die dodelike skoppe wat hulle met voor- en agterpote kan uitdeel, maak van hulle gevaarlike diere om as prooi uit te soek. Gevolglik word hulle in 'n groot mate ongemolesteerd gelaat deur roofdiere, en slegs ’n taamlike groot leeu sal dit waag om 'n kameelperd aan te val.

# Kranspoort se mense en hulle doen en lates

## Kranspoort Visvangklub



Die idee het ontstaan toe Gerhard Potgieter nog geleef het. Hy en Hannes het klein krokkodille in ons dam gaan loslaat. Daar word toe 'n plek skoongemaak en sand afgelaai vir krokkodille om in die son te bak. Eers was dit nie toegelaat om te hengel nie. Later is dit aan Hannes toegesê om die plek te ontwikkel. 'n 200m Strook is aangewys. Kibboets het die braai gebou. Houtkiste vol drank is opgeveil ten bate van ontwikkeling. 'n Gedeelte daarvan is gebruik om die toilet daar naby te bou en in te rig.

Verdere ontwikkeling is deur lede en met hul bydraes gedoen. Verskeie vissoorte kan gevang word bv. Karp, Bass,ens.

Besienswaardighede: Met tye seekoeie, verskeie voëlsoorte en water-skilpaaie. Voorwaar kos vir die siel.

## Die Moremark




In die Augustus 2009-uitgawe van "Kranspoort Vakansiedorp Nuus" het André Lourens 'n beroep op Kranspoorters gedoen om 'n moremark daar te stel. In sy skrywe stel hy dit so: "Ons doel is om 'n ontbyt en kunsmark langs of naby Kranspoort te begin waar unieke ontbytdisse, tuisgebak, hand- en huisgemaakte items verkoop word. Verder is dit 'n plek waar vriende Saterdae ontmoet vir 'n gesellige kuier. Die bedoeling is dat die mark 'n geleentheid aan Krans-poorters moet bied om tuisprodukte soos ontbytdisse, skilderye, konfyte en dies meer te verkwansel vir n ekstra sneetjie of twee" .

Die idee het eers in 2014 geleidelik posgevat en die eerste mark is agter die gholfklub gehou. Renette Hill het later gesê:" Verlede jaar (2014) het die gedagte van 'n mark vir Kranspoort ontstaan. Voorstelle en gesprekke daaroor het 'n paar punte duidelik uitgelig, daar was wel 'n behoefte vir 'n mark en die gewildste dag vir die mark was natuurlik op n Saterdag." Helena onthou hoe gesellig dit was met n boere-orkes wat vir musiek en atmosfeer gesorg het.

Met Jesse se ontbyt, Elna se koffie, tee en eetgoed, André en Helena se Levubu produkte en Wietske met haar skilderye, het die mark toe goed afgeskop. Dit het later geskuif na die piekniekterrein en later is die Raasblaarsaal gebou waar die mark deesdae plaasvind. Magda en Elsabe saam met Dave en Hans behartig nou die ontbyt en ook worsbroodjies. Die jukskeigroep se pannekoeke is altyd 'n gunsteling en kan nie voorbly met bestellings nie.

Sodra dinge na Covid-19 insluiting normaliseer, sal ons weer lekker kan saamkuier by die moremark wat een keer 'n maand sal plaasvind. Die verwagting is om baie uitstallers te kry en dat Kranspoorters die oggend sal geniet en ondersteun.

## Geveerde Vriende: 'n veer in Kranspoort se hoed

Die gedeelde belangstelling en entoesiasme van Kranspoort-inwoners, het in Februarie 2014 aanleiding gegee tot die geboorte van Geveerde Vriende. Gesprekke tussen Abel Venter en Willie Schoeman het gelei tot 'n handgeskrewe voëllys. Gerhard en Miemie Snyman kon ongeveer 70 voëlspesies in Kranspoort identifiseer. Kort voor lank is 'n formele byeenkoms van belangstellende voëlkykers bymekaar geroep en die eerste komitee bestaande uit Abel, Miemie, Hannetjie Senekal en Glen Crouch is verkies.

It was decided to have at least four birding days per year. We parcipated in our first national Birding Day at the end of November 2014 and identified 111 species in Kranspoort with the assistance of Middelburg Bird Club as our special guests. We set a new target of 200 species which was reached in 2015. To date this count stands on 226.

Die voëlskuiling, wat met Geveerde Vriende-fondse gebou is, is amptelik aan KEK oorhandig op 24 September 2017. Ander gewilde voëluitkykpunte is die braaiplek en dammetjie op die plato, piekniekterrein, die Kranspoortdam, gholfbaan en die staproetes . Eintlik sommer oral tussen die huise en op die wildspaaie.

We try to keep every meeting exciting and educational. Meetings have included a boat trip on Loskop Dam idenfying water birds, bird watching on the plato, training sessions on the use of binoculars, books, bird applications and basic features. A talk on the Southern Ground Hornbill by the Mabula breeding project was most informative. A highlight was the entertaining and competitive bird quiz evening hosted by Gerhard and Miemie. We also had a very exciting virtual birding day during lockdown – on 28 March 2020 twenty six enthusiastic birders participated from the luxury of their own gardens. A total of 71 birds were identified by watchers from Kranspoort, Witbank, Pretoria and Middelburg.

Ons nuutste inisiatief is die bou van 'n dammetjie by die piekniekterrein. Verskeie donateurs het reeds tot die projek bygedra. Ons sien uit na die voltooide projek.

At present twelve families are active members. The annual membership fee is R100 per family. For more information on birding activities or information, please contact Elsie Cross 083 236 5547, crosselsie@gmail.com or Miemie Snyman 082 457 0762,miemie@mmphaield.co.za.

The complete Geveerde Vriende Bird list can be found on the Kranspoort website at

www.kranspoortdorp.co.za







Stalletjies binne die Raasblaarsaal gedurende môremark



Besoekers geniet 'n heerlike ontbyt by die môremark

# Kranspoort se mense en hulle doen en lates

## DIE VERHAAL VAN PENNIE deur Willie Schoeman

Pennie, Penniebok, Pennie Schoeman of Pennie die mak Koedoe se verhaal het met haar geboorte op 25 Februarie 2014 begin.

Binne ure moes ons daardie oggend van koedoe grootmaak 'n klomp goed leer. Die belangrikste was seker dat, indien jy jou verbind om koedoe se kind aan te neem, moet jy voluit gaan. 'n Maklike kind was sy nie. Soos enige baba is aandag gee 'n voltydse taak. Kos voorberei en gee, die maag dophou en medisyne aandra en besoekers akkommodeer. En hierdie is maar enkele van die takies wat ons daaglikse aktiwiteite geword het.

Kostyd was altyd belangrik en 'n dolle gejaag, veral vroeg in die oggend. Wat gee jy vir 'n pasgebore koedoekalf…. en hoe? Haar eerste voeding was 'n bietjie lou melk uit 'n bottel met 'n rubber handskoen se vinger vooraan, met 'n gaatjie in. Hier lê nie meer bottels met tiete rond nie, en op daardie stadium is daar nie mensbabas op Kranspoort gewees waar 'n tiet geleen of gedeel kon word nie. Die koöperasie op Groblersdal kon darem help, maar nie met melk nie. Die nuus versprei so vinnig van die kalf, dat 'n veearts van Thabazimbi af laat weet: "bly weg van beeskalf of skaaplam voeding! Sy gaan doodgaan van honger." Koedoekoeimelk se vet- en proteïninhoud is blyklaar vyf keer hoër as die van beesmelk. Haar bottelvoeding het dus bestaan uit volroom melk - van SPAR se rak af - met rou eiers gemeng en 'n klein bietjie olyfolie daarin vir die vel. Dit is immers 'n meisiekind. Op drie maande oud benodig sy 6 liter melk en 15 eiers per dag.

Op 4 weke ouderdom, toe dit duidelik was dat Pennie gesond is en gaan oorleef, het sy haar eerste juweliersware as geskenk gekry. 'n Pienk "tag" in die oor met haar naam en selfoonnommer daarop. Ongelukkig het dit later verdwyn en die gaatjie in die oor is al wat agter gebly het, en sy weier 'n nuwe oorbel.

Soos enige tiener het sy van 6 maande oud af begin wegdwaal van die huis af maar aand na aand teruggekom huistoe. Later het sy by 'n trop Rooibokke aangesluit en begin uitslaap in die veld.

Mooi jong meisie wat sy was, het 'n Koedoebul haar raakgesien, en het Pennie op 2 jarige ouderdom ons almal verras met 'n pragtige kalf wat sy lank weggesteek het. Vandag spog sy al met 4 kinders en nommer 5 behoort Februarie 2021 daar te wees.

Sy kom nog steeds huis toe, al is dit net vir 'n lekkerny. Sy weet goed waar is al die bederf plekke in die dorp. Maar sy het ten volle aangepas in die Kranspoort "wilde omgewing". Wanneer sy by die huis is, kry sy 'n vinnige ondersoek, maar vandat sy vrou geword het mag haar "pa" nie meer enige plek vat en vryf nie!

Oor die jare het Pennie baie aandag geverg maar ook baie plesier gegee, vir 'n menigte kleinkinders van Kranspoort oupas en oumas, besoekers vanoor die land en selfs die wêreld. Besoekers uit België, Amerika en Brittanje het al vir haar kom kuier en sy verskyn op facebook-blaaie oor die wêreld.

Pennie, help ma-Riana in die kombuis.



## DIE ''INKOMMERS'' deur Tarina Marais (nuwe Kranspoort intrekker)

So jaar of wat gelede besluit ek en manlief om die pad te vat Prins Albert toe. Ons nuuskierigheid aangewakker deur die feit dat ons heilig oortuig is, ons Marais voorsate was inwoners van Die Hel. Hoe dan anders? Dié klomp is mos so half mens-sku. Hou van hul eie geselskap en leef vir die bos.

Die pad vanaf Prins Albert na Oudshoorn, deur die Swartberg pas is prentjie mooi. Alhoewel ek 'n ewige vrees vir hoogtes het, het ek manlief se ''ooo's en aaa's'' oor die mooi landskap, beaam. Niks kon my egter voorberei vir wat ek sou ervaar toe ons die enkelspoor grondpaadjie deur die Swartberge neem, om in die Gamkaskloof uit te kom nie.

Oppad kloof toe stop ons by 'n natuurlike spruitjie, trek skoene uit en plas in die skoonste bergwater wat ek in my lewe nog gedrink het. Die gevoel van saligheid teug ek met elke handvol water op en ek trek die omgewing se rustigheid diep in my longe. Ek verkyk my aan die Proteas wat so natuurlik hier groei, en wens ek kon in woorde hierdie stukkie aarde beskryf. Ek ervaar 'n ongekende kalmte wat blitsvinnig wyk toe ons die klipperige bergpaadjie om die bergpieke, aandurf. Woorde soos vreesaanjaend, verskriklik en selfs doodbang, kan eerlikwaar nie hierdie onbegane, enkelspoor, klipperige stukkie grondpad na Die Hel, beskryf nie. Om elke draai voel dit jy tuimel oor die afgrond tot binne in die hel. Mens swets om elke draai, en jy bid. Sommer so hardop. Vra verskoning vir die skelwoorde en stotter na asem wanneer jy die volgende draai neem. "Oom moet nie daai pad op oom se brieke ry nie hoor," het die outjie by die vulstasie op Prins Albert gewaarsku, "oom ry hom op die gears." Bid Marais, bid. Ek moes geweet het die padteken aan die begin van die pad, nes jy afdraai van die Swartbergpas na die Gamkaskloof lees nie om dowe neute "WELKOM IN DIE HEL, 37 km, 2 ure."

Dan, sommer so ewe skielik, is jy in die Kloof. Ons klim uit die voertuig en kyk op na die berge…. Van 4800 voet daarbo, tot hier waar ons veilig voel, 1200 voet bo seespieël. Ek probeer nie daaraan dink dat ons dieselfde pad weer moet aandurf terug huis toe nie.

Die jong Joubert gesin wat ons verwelkom, gesels land en sand. Hulle deel graag die geskiedenis en vertel hoe hulle so op hul eie, in afsondering, die lewe en die natuur geniet.

Dit is dan hier waar ek vir die eerste keer in my lewe leer van "Inkommers". As jy nie in die Kloof gebore was nie, is daar na jou verwys as 'n inkommer. Die gesinne wat oorspronklike die Kloof beset het, was uitsonderlike mense. Mense wat, net soos ons hier op Kranspoort, die rustigheid van die natuur gekies het. Hier in die kloof, hier op Kranspoort, is ons feitlik almal inkommers van iewers af. Op ons eie, maar tog 'n gemeenskap. Mense wat mekaar verwelkom, maar mense wat lief is vir ons eie geselskap. Ons omarm met dankbaarheid die stilte wat hierdie leefstyl ons bied. Ons leef in afsondering, uit eie keuse. Ons is 'n gemeenskap, wat anders as Die Kloofers, ''nuwe inkommers" welkom heet. Hier woon mense wat behulpsaam, vriendelik en mededeelsaam is. Mense wat 'n eie kultuur skep, en wat kan ''wheal en deal'' soos ek min in my lewe gesien het. Mense wat stop om te hoor hoe dit gaan, wanneer ons by mekaar verbystap op ons staproetes. Waar die woorde buurman en buurvrou nog werklik betekenis het. Onse mense, eie mense, só uniek, só verskillend, dog só eners. Wat 'n voorreg, wat 'n saligheid, wat 'n heerlikheid.

En hoe herken jy 'n Kranspoorter? Hulle groet! Natuurlik!

## Die Veldwagter!

*'n Uittreksel uit die boek deur Hannes Kloppers(1967), ou Veldwagter van die Nasionale Kruger Wildtuin. In die boek is nie net mooi beskrywings oor die natuur nie; ook word daar op kleurryke wyse die lewenservarings van veldwagter Harry Kirkman (1927 – 1950) en sy veldwagters beskryf.*

Twee weke later kom Harry die middag tuis met 'n verblindende hoofpyn. Nog nie bewus van die ware oorsaak nie, het hy vroeg-vroeg maar die bed gaan opsoek en gehoop dat 'n paar hoofpynpille gou verligting sou bring.

As hy egter om middernag wakker skrik uit 'n onrustige halfslaap, met yskoue rillings deur sy liggaam , weet hulle: koors! Nou moet Ruby oorneem, Kina om die koors uit die bloed te kry – die groot pille, bitter asof bitterheid bedoel was om hulle vernaamste eienskap te wees – word met moeite afgesluk. En dan die groot hoeveelhede skoon water as die koors begin styg- en sagte hande wat die bepêrelde voorhoof met 'n klam handdoek afvee om geringe verligting in die kloppende pyn te bring.

Ruby skrik uit haar mymering op as die hond by hulle voete waarskuwend knor. Dit is die tuinjong, gevolg deur 'n vreemde swart man wat 'n eerbiedige afstand hou. As laasgenoemde nie dadelik praat nie, draai die tuinier hom effens gesteurd om. Maar die aankomeling staan nog steeds stil, terwyl hy beteuterd die oorblyfsels van 'n hoed tussen sy vingers staan en opfrommel.

"Wil jy met my praat?" vra Harry eindelik. Die swart man flits 'n onseker blik na bo, kyk in vraende oë en laat weer vinnig sy blik sak.

"Die mense het my gestuur, Nkosi. Hulle vra of Nkosi sal kom help."

"Watter mense? En help waarmee?"

"Dis die mense van Sokis se stat, Nkosi. Maar ons het gehoor Nkosi is baie siek. Nou weet ek nie wie sal ons help nie."

Daar is soveel vertwyfeling in die laaste sin, dat Harry die afgewende gesig noukeurig betrag. Die statjie waarvan hy praat, is vlak buite die grens van die Wildtuin geleë.

"Maar wat makeer? Waarmee moet ek julle help?"

"Hau, Nkosi, ons hart huil. Die ngonyama (leeu) pla ons. Hy het verlede nag 'n kind gevang!"

Ruby se hand gaan onwillkeurig na haar mond, terwyl Harry half orent kom in sy stoel.

"Praat man! Waar is die kind nou? Is hy erg beseer?"

"Hy is dood, Nkosi!"

Die enkele sinsnede is nie veel meer as 'n weemoedige sug nie. Nog is die man se oë neergeslaan.

"En die leeu?" vra Harry sagter.

"Ons weet nie, Nkosi. Hy pla ons al die hele week. Miskien sal hy weer kom."

Nog swak, byna hulpeloos, kom Harry stadig op sy voete. Sy regterhand druk teen die muur om hom te steun.

"Ruby, ek moet gaan kyk. Miskien kom die leeu terug – maar in elk geval moet ek gaan kyk. Sal jy asseblief my Mauser vir my kry – en 'n paar sagtepuntpatrone?"

"Ek gaan saam, Harry. Jy is veels te swak om te bestuur. Buitendien is al jou veldwagters uitgestuur. Maar ons neem die motor – die bakkie is gans te stamperig vir iemand in jou toestand."

Harry kyk haar 'n paar sekondes dankbaar aan, glimlag en sê goedig: "Goed. Ek veronderstel ek is in jou mag!"

Met Harry gemaklik gemaak op die agterste sitplek, bereik hulle die kraaltjie, slegs sowat elf myl van die veldwagterspos geleë, pas na sononder. Maar selfs die kort rit was nie die gewenste ding vir Harry in sy verswakte toestand nie, en reeds voel hy weer die dowwe, pynlike geklop agter sy oë.

Die groepie klein grashutjies is in 'n skewe kring gerangskik, met 'n beskeie takheining daaromheen. Vele swak plekke daarin laat blyk dat die bewoners by gebrek aan vuurmaakhout soms stukke uit die omheining benut het. Die hek waardeur hulle ry, word eweneens met 'n paar los doringtakke toegemaak.

Yl en dun, soos die rokies uit die verspreide kampvuurtjies, klink die sagte, smartvolle geweeklaag van vroue op uit die lae grasdakke. Ĕrens uit die skemerdieptes van een van die hutte kom die gedempte, hartverskeurende snikke van waarskynlik die moeder. Teneerdrukkend en droefgeestig tot die rand van vertwyfeling is die geweeklaag van 'n groep vroue by hul dode – egter nog in die vroeë skemeruur wanneer die gemoed juis getref word deur die besef van verganklikheid.

Moeisaam klim Harry uit die motor. Selfs die ligte beweging laat warm pynstrale deur sy hoof en liggaam skiet. Swyend nader die groep manne hom – almal eerbiedig. Hoed in die hand en die oë neergeslaan soos die boodskapper vaneffe.

"Bayeté" klink dit gedemp maar spontaan uit al agt monde. Snaaks, dink Harry slegs verleë, dat hulle hom die koninklike groet gee. Maar dan, hoe diep afhanklik voel hierdie gemeenskappie hulle nie van die weerbaarder man in die uur van nood nie!.Verbasend is dit ook dat hulle geweet het van sy siekte.

"Ek sien julle manne! My hart huil met julle op hierdie dag. Wie is die vader van die seun?"

Die groep knik swygsaam 'n erkenning van sy meegevoel, en dan gee die vader 'n enkele tree vorentoe. Hy is 'n man reeds oor die middeljare.

"Nkosi!" is al wat hy sê.

"Hoe groot was jou seun?"

"Hau, Nkosi, hy was amper 'n man. Hy moes na die oestyd al na die stamskool gaan." Dit beteken dat hy sowat 14 of 15 jaar was.

"Hoeveel seuns het jy?"

Die ou man sluk swaar. Sy stem is sag as hy antwoord: "Hy was my enigste, Nkosi."

Harry se hart krimp van medelye.

"Ou man, ek wens ek kon jou seun vir jou teruggee – maar ek kan nie. Maar wat ek kan, dit sal ek doen. Voor die son môreaand weer gaan slaap, sal ek sy moordenaar se vel voor jou voete neergooi!"

"Bayete!" weer die koninklike groet by wyse van spontane goedkeuring.

"Kom wys my die plek", sê Harry en begin aanstap. Maar in 'n onbedagsame oomblik het hy sy kragte oorskat, en vinnig moet hy gryp om sy ewewig te behou. Dis Ruby se arm wat ondersteunend om sy lyf gly en hom orent help. Dankbaar kyk hy op. In haar oë blink die trane – sy het die gesprek in Sjangaan gevolg. Maar dapper glimlag sy terug in sy oë. "Kom, laat ons gaan kyk."

Dit blyk dat die oemfaan, om meer koeligheid in te laat, die deur laat opstaan en op die biesiemat net binne die deuropening geslaap het. Dit was teen die waarskuwing van die ouers, want etlike dae nou reeds het hulle agtergekom dat 'n leeu snags om die kraaltjie rondsluip en dat hy selfs by geleentheid min ontsag vir die lae heining getoon het. Teen middernag, vertel hulle, was daar 'n opskudding. Tussen die dreigende knorgeluide van die leeu deur, het die gille wat die oemfaan in sy doodsangs geuiter het, elke lewende siel in die kraal gewek. Maar toe daar eindelik lig gemaak is was dit te laat.

Sorgvuldig beskou Harry en Ruby die deuropening, die verfrommelde biesiemat met 'n enkele donker vlek op. Sou dit weer die verminkte leeu wees?

Maar een ding kwel Harry. Die liggaam behoort in dieselfde hut bewaar te wees, volgens die tradisie. Versigtig doen hy navraag in dié rigting. Dis die hoofman wat antwoord: "Kom, laat ek die Nkosi gaan wys."

Moeisaam gaan dit terug na die kraalhek en dan in 'n wye boog om die heining en verby enkele rotsblokke. Twintig tree verder steek die hoofman vas, Sy arm maak 'n sprekende gebaar.

Afsku, loutere grusaamheid, stuur rilling op rilling deur die veldwagter by aanskoue van die skokkende toneel in die halflig van die vroeë skemer. Te midde van 'n plaat platgetrapte gras en droë bloedkolle, lê die patetiese oorblyfsels van die oemfaan.

# Kampvuurstories. (vervolg)

Omtrent net die linkerhand is nog herkenbaar as dié van 'n mens: die leeu het waaragtig binne vyftig tree van die kraal sy menslike prooi verslind! Ruby voel mislik, maar besef dat blote wilskrag haar nou moet deurhelp.

"Maak dit bymekaar in 'n kis en sit dit terug in die hut, beveel Harry die hoofman." en laat dan al die beeste vannaand in die veekraal jaag. Hier moet geen enkele dier na donker buite wees nie. Ook die mense moet na ete in hulle hutte bly totdat ek die teken gee."

Dis duidelik dat hy hier te doen het met 'n koel meedoënlose mensvreter, en as dit op 'n skietery uitloop, wil hy nie risiko's loop nie.

'n Uur later het die stilte oor die kraal neergedaal. Al die hutte word van binne stewig vasgewoel….. want êrens, êrens in die gitswart nag sluit die bose in leeugedaante rond.

Harry val uitgeput teen die agterkussings van die motor terug. Sy klam hand vat om sy voorhoof en oë om die pyn en duiseligheid te probeer dooddruk. "Hierso Harry, drink dit", kom dit van die voorste sitplek af. Sy hand reik voorwaarts, neem die bekertjie water wat sy uit die fles vir hom ingeskink het… en twee kinapille!

Moeg sak hy teen die kussings terug.

"Ruby, neem asseblief die flitslig, en as jy iets gewaar, hoegenaamd iets, roep my dadelik. Ek wil net 'n paar oomblikke rus".

Ruby neem die flitsliggie, plaas dit langs haar op die voorste sitplek neer en berei haar voor vir die lang wag wat voorlê.

Die nag is gitswart en swaar betrokke. Van agter die hoë koppe in die weste kan die dowwe rommeling van veraf donder gehoor word.

'n Uur gaan verby, en nog een. Ruby voel hoe die verlokking van die slaap aan haar ooglede begin rem. Dis moeilik om waaksaam te bly as dit so warm en drukkend is, en sy is ook al uitgeput.

Saggies maak sy die voordeur oop om meer lug in te laat. Wat 'n vreeslike nag! En dan nog pikdonker! Haar voete swaai af op die treeplank sodat haar gesig na die oop deur gedraai kan wees.

Wat sou dit wees wat so snaaks ruik? Sy het dit 'n halfuur gelede vir die eerste keer gewaar, maar nou is dit veel sterker. Aanvanklik het sy dit toegeskryf aan die seremoniële horings wat soms by die ingang van die hek gehang word, maar sy kan nie onthou dat sy so iets vanmiddag gesien het nie. Byna instinktief draai sy haar half om om in die donker te voel of Harry se kop gemaklik op die kussing lê. Dan neem sy weer plaas in haar ou posisie, met die gesig en bene na buite.

Wêreld, maar dit wil voorkom asof die reuk al hoe erger word! Sy plaas haar sakdoekie voor haar neus om die deurdringende geur, soos van verrotte vleis, uit te sluit. As dit nie so broeiend warm en bedompig in die kar was nie, sou sy al die vensters toegedraai het. Maar in die klein ruimte sou 'n mens dit sonder vars lug skaars 'n uur uithou – en dis nou pas elfuur.

Ruby probeer haar oortuig dat dit haar verbeelding is wat haar parte speel: die reuk kon nie binne 'n halfuur so sterk toegeneem het nie! As sy egter 'n oomblik die sakdoekie voor haar neus wegneem, tref dit haar soos 'n skokgolf wat dreig om haar naar te maak. Sy skuif vorentoe todat haar voete die grond raak, om 'n paar oomblikke langs die oop voordeur regop te gaan staan.

"Ruby……klim…..in! Klim….. dadelik ….in!" kom dit hortend van die agter-bank. Verbaas kyk Ruby om. Sy dag Harry slaap. Haar hand tas na die dakliggie en skakel dit aan. Harry lê nog skuins agteroor teen die kussing, oë toe, maar sy linkerhand, met oop palm na vore, tas in die rigting van die oop deur. Weer begin hy sag en stadig praat, byna asof hy yl:

"Maak…. toe….die….deur! Hy is hier……naby…" Sou die koors weer van nuut begin? Wat praat Harry tog? Nogtans maak sy die deur toe.

Met byna bomenslike kraginspanning kom Harry regop teen die kussing. Hy hou sy hoof tussen twee handpalms vas en maak dan sy oë moeisaam oop.

Ruby probeer hom paai-paai op die kussing terugdruk, maar hy het nou blykbaar weer byna volle beheer oor homself. 'n Paar slukkies water versterk hom effens. As hy praat, is sy stem nie meer so hortend nie, maar nog swak.

"Skakel af die daklig. Hy is baie naby!"

Bedoel hy dit letterlik? Wonder Ruby, maar sy gehoorsaam.

"Draai asseblief die venster af., Ruby, en lig vir my."

Sy sien dat hy reeds die Mauser opgestel het en nou met groot inspanning die slot ooptrek en 'n patroon in die loop druk.

Sou hy vermoed….? Maar dan praat hy weer:

"Lig asseblief, Ruby, Gou nou!"

Vinnig draai sy die agterruit af en lig met die flitsie deur haar eie ruit. Die lig speel floutjies oor die kraalheining twintig tree ver. Sou Harry regtig dink dat die leeu reeds probeer oorkom?

"Nader, Ruby, nader! Hy's net hier!"

Die lig sak af en Vader! Agt tree van die motor hurk die dofgeel gedaante, swart ore platgetrek, oë wat gloei soos geel vonke in die flou lig. Sy ruk soos sy skrik as die Mauser vlak langs haar donder.

Die leeu spring hoog die lug in, stoot 'n enkele brul uit en skiet die duisternis binne.

Agter sug Harry en sak moeg terug teen die kussing. "Toe maar Ruby, ek het hom. Hy sal nie ver kom nie. Môre-oggend soek ek hom. Kom ons gaan terug en gaan slaap!"

Maar Ruby se hande bewe nog van die vinnig opeenvolging van gebeurtenisse. Hoe naby was die dood nie aan haar nie – letterlik binne springafstand toe sy ingeklim het! Die mensvreter het nog buit kom soek! As Harry nie deur blote instink en wilskrag teruggeroep is uit die doolhowe van uitputting en halfbewustheid nie……

++++++

Toe hulle die kraaltjie binnery, is daar nog geen teken van die inwoners te sien nie. Hulle het beslis sy opdrag stiptelik uitgevoer! glimlag Harry.

Weldra is al die manne in 'n halwe kring agter Harry geskaar waar die leeu se spore in die stofbodem so duidelik soos 'n boek gelees kan word. Hy het 'n keer binne twee voet van die motor verbygeloop, blykbaar 'n paar tree padgegee toe Ruby die deur oopmaak en daarna nader gesluip toe hy 'n maklike prooi voor hom gewaar. Harry se waarskuwing moes nie vyf sekondes later gekom het nie.

Die hond volg die spoor van die bloedmerk af waar die leeu getref is, spring lugtig oor die takheining en kyk om of Harry volg. Laasgenoemde stap pynlik stadig aan…. As hy net sy kragte kon terugkry.

Vyf tree verder steek die hond vas, nekhare orent, met elke spier gespanne. Behoedsaam volg Harry. Maar die stryd was reeds gewonne …. Daar lê die geel karkas op sy sy!........

Harry wink die kraalbewoners om nader te kom. Skoorvoetend kom hulle aangeskuifel en bly swygsaam op 'n veilige afstand staan.

Dis hoofman Sokis wat die stilte verbreek. "Nkosi, jy praat soos die weerligvoël. As die klank van jou stem nog nie mooi weggesterf het nie, kloof die boom al in twee. Jy het gesê voor sononder bring jy die leeu – en kyk die son is nog nie eens mooi op nie!"



# Vir die wis en die onwis…….

Voorbladfoto



Kranspoort verlede:

Hier's 'n kopkrapper: Wat op Kranspoort is vir my 'n tasbare skakel met die verlede? Wat van al die pragtige natuurskatte waarmee ons op die dorp omring is, is werklik oud en neem mens terug na die verlede? Met dié gedagte in my kop, klim Martie in die kar om te gaan wild kyk. En terwyl ek met die motorpad uitry Arendstraat toe tref dit my skielik.

Op die muurtjie vlak langs die kar sit 'n pragtige blou-kopkoggelmander heerlik in die middagson en bak. Hy's mos oud. Baie oud. Oeroud om presies te wees. Martie neem fotos dat dit bars. Die lig is net reg. Dis daai ryk middagson wat kleure omtower na iets spesiaal. Hy is 'n pragtige diep, helderblou. En hy "pose" omtrent. Martie zoem in totdat mens elke skub op sy lyf kan sien. Dis nie net die groter diere wat ons aandag vra nie. Die kleiner goetertjies is elkeen op sy eie manier spesiaal. Soos dié koggelmander!

Die bloukopkoggelmander (Agama atra) is een van 10 spesies van die genus Agama wat in Suid-Afrika voorkom. En hulle voorgeslagte gaan terug na die "Cretaceous"-tydperk tussen 145 miljoen en 66 miljoen jaar gelede. Praat van 'n stamboom!

En daar is my kopkrapper opgelos! Die bloukopkoggelmander is vir my daardie skakel met die verlede. Nie gister of laasjaar se verlede nie. Ons praat van 145 miljoen jaar gelede se ver-lede.


**VIR DIE KAMERA-ENTOESIASTE:**

Die foto is geneem met 'n digitale Nikon Coolpix P900 "bridge"-kamera met ingeboude 2 000 mm optiese zoemlens.

| | |
|---|---|
| Fokale lengte: | 357 mm |
| F-stop: | f 6.5 |
| Sluiterspoed: | 1/500 |
| ISO: | 160 |

André en Martie de Beer

*Martie se pragtige foto het ook die voorblad gehaal en dit verteen-woordig die hede. Baie dankie aan Martie en André asook alle fotograwe wat so gereeld hul wonderlike foto's met ander Kranspoorters deel. – Red.*



**Voorbladfoto**



**Kranspoort toekoms:**

**Beloftes en keuse**

**Hierdie foto verteenwoordig die toekoms. Nie net elkeen van ons toekoms nie, maar ook die toekoms van Kranspoort. Die verkondig nie 'n einde nie, maar eerder 'n begin. Elke sonsondergang kom aan die einde van die dag, maar bied ook die belofte van die koms van 'n nuwe dag.**

**Wat sal die toekoms vir ons as Kranspoortinwoners inhou? Wie weet, maar wat ons wel weet is dat die jaar 2020 met al sy drama en onsekerheid ons maklik kan negatief beïnvloed. As ons egter 'n oomblik gaan stilstaan en ons werklik diep na ons lewens kyk, gaan ons baie vinnig agterkom dat dit nog steeds baie goed met baie van ons inwoners gaan.**

**Ons kan Kranspoort se wonderlike sonsondergange sien as 'n bevestiging van die einde van 'n goeie of slegte dag, of die belofte van iets wat nou voorlê. Hoe jy daarna kyk is jou keuse. Die lewe bied jou keuses en elkeen van ons het die keuse hoe jy jou nuwe dag wil aanpak.**

**Laat dit liewer jou keuse wees om elke nuwe dag met hoop, geloof en vertroue in te gaan. Kom ons lewe elke dag voluit en geniet alles wat Krans-poort ons bied, ons eie paradys met van die mooiste sonsondergange denk-baar.**

**Piet Groenewalt**

"Life does not come with instructions on how to live, but it does come with trees, **sunsets**, smiles and laughter, so enjoy your day." "Every **sunset** brings the promise of a new dawn." "Don't forget: Beautiful **sunsets** need cloudy skies…" "There's nothing like a beautiful **sunset** to end a healthy day."

*Ralph Waldo Emerson*


KWEKERY • KOFFIEKROEG
CURIO WINKEL
OORNAG FASILITEITE
MOSSIENES
KWEKERY
Kwekery
Die beste pryse in die vallei !!
Verskeidenheid van plante en bome.
Curio winkel
Geskenke vir jonk en oud
071 691 2190
079 219 2216
mossienesloskop@gmail.com


Die room waaroor almal praat!
R110 vir 100g
R300 vir 500g
Sukkel jy met een van die volgende: aambeie, aknee, anti-aging, arthritis, atleetvoete, bedsere, bloukolle, brandwonde, cradle cap, diabetiese sere, eelte, ekseem, gordelroos, insekbyte, spinnekopbyte, koorsblare, omlope, pigmentasie, pitswere, psoriasis, snye, sonbrand, spataar-sere, vaginale infeksie, veluitslag of wintershande?
Bulbinella Room is die antwoord!
Skakel Erna (082 521 3275) vir meer inligting
Agent vir Kranspoort, Groblersdal en Marble Hall


Fourie Bou en Onderhoud
CPIC REGISTRATION: 2019/199398/07
Bouwerk
Motorafdakke
Plaveisel
Teëlwerk
Aanbouings
Betonvloere
Onderhoud
Houtheinings
079 500 1741
Kobus Fourie


Wietske Smit
Skilderye van jou keuse, kontak Wietske vir 'n kwotasie of besoek haar webwerf en besigtig haar portefeulje.
Kontakbesondehede:
Sel nr. 0730578221
Webwerf:
www.wietskesmit.co.za


Secia Traders
Skakel Deon:
082 898 1412
Ons spesialiseer in:
Nuwe huis bou
Aanbouings
Verfwerk
Loodgieterswerk
Kombuiskaste
Kamerkaste
Gratis kwotasies


Huis beskik oor die volgende:
3 slaapkamers
2 volle badkamers
Kombuis, TV-kamer
Groot buitedek
2 braaiplekke
Jacuzzi
Onderdak parkering
Volle DSTV
R500 per nag vir twee persone
R100 per nag vir elke addisionele persoon bo 9 jaar oud.
Kontak: Elna 0828193410
50% deposito sal versoek word met bespreking
Huis te huur in Kranspoort


ONS WINKEL
Besoek ons langs Go2. Oop elke dag ook Saterdae, Sondae en Vakansiedae.
Gebak
Gebottelde produkte
Speelgoed
Handgemaakte produkte
Juwele
Skilderye


S&L FURNISHERS
Quality Affordable Dream Furniture
BED SETS & MATTRESSES'
BEDS SETS FROM R2 499-99 - R11 999-99
MATTRESSES' FROM R1 499-99 - R10 499-99
WE ALSO SELL ORTHOPEDIC BEDS/MATTRESS'
WE OFFER 5% DISCOUNT ON ALL CASH PURCHASES
You can buy cash or on account.
Account 6 months to pay (INTEREST FREE)
TEL: 013 261 1246 W/APP: 081 866 4348
Shop 4B, Sonco Building, 2582 Main Road, Marble Hall 0450


OUR SERVICES
CONSTRUCTION
RENOVATION
CREATION
INTERIOR DESIGN
LANDSCAPING
PISON
FROM CREATION TO CONSTRUCTION
082 3883 240